NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2010

AFRIKAANS HUISTAAL – VRAESTEL 1 MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: FORUM, SPOTPRENT EN ADVERTENSIE

Nasien van leesbegrip

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel-en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Vir OOP VRAE word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede-motivering/aanhaling. Indien WAAR/ONWAAR nie korrek is nie, kan kandidaat nie 'n punt vir die korrekte motivering kry nie. Indien geen WAAR/ONWAAR, maar die korrekte motivering ontbreek, verbeur kandidaat sy punt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie.**
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal as Afrikaans gebruik, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat **nie gepenaliseer** nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies. (Slegs by Afdeling A)
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter **OF** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

VRAAG	ANTWOORD	Punt	LU	AS	Denk-vlak
1.1.1	Albert Einstein √	1	2	2.1	1
1.1.2	Soeklees/vluglees/gesoek na 'n naam √	1	2	1.3	1
1.2	Hy dink verandering is nodig / dat iets gedoen moet word. √ Hy praat van vars/nuwe √ denke/idees.	2	2	2.5	3
1.3	Die Blanke/Kleurling moedertaalspreker sit agter die verandering.√ Die nie- moedertaal-prekers wil sulke verandering stuit √ / dink moedertaalsprekers het 'n ander agenda. √ *(Enige 2)*	2	2	2.4	2
1.4	Hulle moet die waardes van die grondwet respekteer. √ / Hulle moet gemeenskapsmoontlikhede ontgin √ / Hulle moet nasiebou √ nastreef. *(Enige 2)*	2	2	2.1	2
1.5	Moet 'n keuse uitoefen, bv. behoeftige leerders toegang tot universiteitsopleiding te gee / leerder het die reg om tersiêre opleiding in Afrikaans te kry / Meer leerders toegang te gee tot universiteite √ Motivering - eie mening: MOET hulle eie standpunt ondersteun. √	2	2	2.1	3
1.6	Dit geskied op rassegrondslag. √ Dit bevat diskriminerende bepalings. √ dit sluit sekere rassegroepe uit. √ *(Enige 1)*	1	2	2.1	1
1.7	Leerders presteer beter as hulle moedertaal-onderrig ontvang.√ Elkeen het die reg om in sy eie taal onderrig te word.√ Daar is te min tersiêre inrigtings vir diegene wat wil studeer.√	1	2	1.2	4
1.8	Dwelmmisbruik, bendebetrokkenheid en misdaad is buite beheer.√	1	2	2.10	3
1.9	Parlementslid is deftig √ / formeel √/statig √ geklee, √ Bestuurder/chauffeur/assistent is funksioneel √ / prakties √/gemaklik geklee. √ *(Enige 2 x 1)*	2	2	2.1	2

1.10	Die bedrag geld wat geëis word vir die rit.√ Hulle eis R1 575 om van Bloemfontein tot Johannesburg/Pretoria te ry. √ *(Enige 1)*	1	2	2.9	3
1.11	Selfvoldaan√ Tevrede√ Ingenome√ *(Enige 1)*	1	2	2.6	4
1.12	Hulle reis per motor en eis dus meer geld as wat 'n vliegtuigkaartjie sal kos. √	1	2	2.1	1
1.13	Hy's lui. √ Hy laat alles ophoop.√ Hy handel niks af√ nie. Hy's onbevoeg. *(Enige 1)*	1	2	3.1	4
1.14	In die moeilikheid kom√ / Gestraf word *(Enige 1)*	1	2	1.6	3
1.15	Bv. Jong Interessante Persone / Jou Insiggewende Publikasie. Eie diskresie	1	2	2.3	4
1.16	Ja√ / dit is so.√ / Beslis√ / Ongetwyfeld *(Enige 1)*	1	2	2.3	1
1.17	Die kampstoel√ en die sonstrale is gepas vir die buitelug-entoesias / avonturier.√	2	2	2.1	2
1.18	Opgewondenheid word√ oorgedra / Amper asof dit wil aandui: √ hoera! *(Enige 1)*	1	2	1.6	3
1.19	FEIT√ Die Burger bied elke dag 'n bylaag vir jou, of jy nou daarin belangstel of nie.√	2	2	2.3	2
1.20.1	C / vernuwing√	1	2	1.5	3
1.20.2	A / korrupsie√	1	2	1.5	3
1.20.3	E / verskeidenheid√	1	2	1.5	3
				TOTAAL AFDELING A: 30	

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

LU2 AS2.1.5

Nasien van die opsomming

- Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne** kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar vir die doel van hierdie eksamen word die kandidaat dan met – 1 aan die einde gepenaliseer.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken vir **HT:**
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Penaliseer soos volg:

    - Indien die opsomming te lank is, word slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
    - Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**
    - Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie): trek soos volg af van die 3 punte wat toegeken word vir taal. Dui alle foute aan al word dieselfde fout herhaal. Penaliseer ook vir taalfoute by irrelevante feite of verkeerde feite.

0 – 4 foute:	geen penalisering
5 – 10 foute:	trek 1 punt af
11 – 15 foute:	trek 2 punte af
16 foute:	trek 3 punte af

    - Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:

1 – 3 volledige sinne aangehaal:	geen penalisering
4 – 5 volledige sinne aangehaal:	trek 1 punt af
6 – 7 volledige sinne aangehaal:	trek 2 punte af

    - Trek 1 punt af van die totale punte toegeken indien die kandidaat nalaat om getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

1. Dit help om die liggaam te beskerm teen vrye radikale – en veroudering teen te werk.√
2. Sibilin beskerm die lewer en ander organe teen die newe-effekte van alkohol.√
3. Dit beskerm die oë teen skadelike sonstrale en voorkom ander oogsiektes.√
4. Dit beskerm die liggaam teen borskanker en alle ander vorme van kanker.√
5. Dit beskerm die vel teen veroudering.√
6. Dit beskerm die liggaam teen stresskade.√
7. Dit verbeter jou werkvermoë.√

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL, ADVERTENSIE EN STROKIESPRENT

Nasien van hierdie afdeling.

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsinantwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat uitgeskryf is, aanvaar.

DIE KANDIDAAT MAG BY EEN-WOORD-ANTWOORDE HOOFLETTERS GEBRUIK

VRAAG	ANTWOORD	Punt	LU	AS	Denk-vlak
3.1	Febr. √	1	4	1.2	1
3.2	Valentynsdag√	1	4	1.4	3
3.3	Die vrugte bederf in die son.√ / Jy bederf ons pret	1	4	1.8	2
3.4	dorinkies√	1	4	1.5	1
3.5	komplimentêre√	1	4	1.6	1
3.6	broodnodig√	1	4	1.4	1
3.7	haakplekke√	1	4	1.1	1
3.8	Ek ly aan 'n siekte. / Die man lei die blinde oor die straat.√	1	4	1.8	2
3.9	koppelwerkwoord√	1	4	2.2	1
3.10	Ouderwetse√ / antieke / vanmelewe se / toeka se /outydse	1	4	1.9	1
3.11	trek√	1	4	2.13	3
3.12	(André Snyman / Hy) sê dat die ekonomie beslis die verhouding in die huwelik beïnvloed√ OF Hy sê die ekonomie beïnvloed beslis die verhouding in die huwelik. (nie het gesê nie)	1	4	2.9	2
3.13	Bv. 'n finansiële raadgewer wat in Pretoria bly / woon / 'n man wat finansiële raad gee / 'n finansiële raadgewer van Pretoria wat baie gesog is.	1	4	2.5	2
3.14	huwelike√	1	4	1.5	1
3.15	C of rekenskap√	1	4	1.7	1
3.16	C of kontaminasie√	1	4	1.7	1
3.17	Victoria Collins, skryfster√ van …	1	4	1.5	2

3.18	gewonne√	1	4	2.3	1
3.19	na√ (nie agter nie)	1	4	2.3	1
3.20	Verskillende lettertipes en groottes trek die aandag √	1	2	4.2	2
3.21	Dit gee jou 'n voorsprong. √	1	4	2.13	3
3.22	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging √	1	4	1.2	1
3.23	C of ondersteun √	1	4	1.9	3
3.24.1	kur √ of kursus	1	4	1.3	1
3.24.2	Latyns √	1	4	1.3	1
3.25	potensiële √	1	4	2.1	2
3.26	Aan → inskrywing en besluit, nog √ nie fisies daar nie By √ → teenwoordig by die kursus	2	4	2.1	3
3.27.1	Seun gaan motor wil gebruik √	1	4	3.1	3
3.27.2	Seun gaan woes wil ry en jaag met die motor√	1	4	3.1	3
				TOTAAL AFDELING C: 30	
				GROOTTOTAAL: 70	